

LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD**Sondag 23 Oktober 2011**

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 9:7	Bl.37	Psalm 147:1 & 2	Bl.704
2.	Psalm 9:1, 5, 10	Bl.36	Skrifberyming 15-1:1-4	
3.	Psalm 4:4	Bl.15	Psalm 134:4	Bl.653
4.	Skrifberyming 9-1:1,10,11		Skrifberyming 10-1:1-4	
5.	Psalm 116:1,7,10	Bl.569	Skrifberyming 13-2 (Amen)	
6.	Skrifberyming 13-2 (Amen)			

**BEROEPING VAN 'N PREDIKANT**

Die Breë Kerkraad vergader môre-aand waartydens 'n dubbeltal saamgestel sal word uit die name wat van die gemeente ontvang is. Volgende Sondag sal daar tydens 'n gemeentevergadering gestem word om een van die predikante op die dubbeltal te beroep as predikant vir ons gemeente.

**BYEENKOMS 55 PLUSERS 4 November 2011**

Die jaar 2011 is soos 'n oogwink verby. Dis tyd vir ons afsluitingsfunksie – die keer met 'n kinkel in die kabel (sien kleredrag).

Datum: Vrydag 4 November 2011 Tyd: 18h00 Plek: Kerksaal

Tema: Troustories Koste: R30 per persoon Eetgerei: Sal verskaf word

Drinkgoed: Bring jou eie, met bypassende glase Ete: Dinee

Kleredrag: Bo blink en onder “stink”. M.a.w., van die middel af boontoe baie deftig en van die middel af ondertoe lekker informeel. ('n Voorbeeld vir mans: baadjie, hemp, strikdas en pluiskuil en onder 'n kortbroek en plakkies.)

NB : Almal wat die funksie bywoon, word gevra om asseblief hulle troufoto/trou-album saam te bring.

Skryf asb. jou naam op die lys in die portaal of konsistorie as jy die funksie gaan bywoon. Francois Snyman

**SIMBAAL**

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 23 Oktober 2011

Nommer 29

VAL OF SPRING

Katkisasie is 'n gesprek met die verbondskinders onder vier oë. Daarom word in die aanbieding van die les diep indringende en belangrike vrae gevra, soos: “Het Christus vir ál jou sondes gesterf – tot die dag van jou dood?” “Ja Dominee!” “Sal jy nie, as jy op 'n dag voor 'n ernstige sonde te staan kom, dit maar doen omdat Hy klaar daarvoor betaal het nie?” “Nee, Ds.” Maar as jy daarin val, moet jy nie aan die genade van God twyfel nie? Kom ek sê vir jou hoe dit is!: Moenie vanself in die sonde *spring* nie; maar as jy daarin *val* - moet dan nie aan die genade van God twyfel of/en in die sonde bly lê nie ... want die doop is 'n ontwyfelbare getuie dat ons 'n ewige genadeverbond met God het. Die duiselingwekkende wonder gebeur: God maak die gelowige in Christus sy bondgenoot. Almal wat in Jesus Christus glo, voldoen aan die eis wat God in die werkverbond gestel het, omdat Christus aan al God se eise voldoen het, en gee hulleself aan God tot sy verheerliking deur 'n lewe van dankbaarheid en toewyding aan die Here. Maar vanweë die gebrokenheid van die sonde kán jy in sonde val. Jy kan!

- ◆ Die saak wat vir die gelowige van belang is sit in die woorde val en spring.
- ◆ Val is om in 'n sonde te beland sonder dat jy dit gewil het. Die duiwel het vir jou 'n strik gestel en jy het daarin beland.
- ◆ Spring is om doelbewus 'n sonde te doen. Dan beplan en werk jy jou sondes in fyn besonderhede uit.

Daar moet dus baie duidelik tussen val en spring onderskei word. Toets jou lewe hieraan en kom tot ware sondebeseft maar ook tot die ware verlossingsbeseft. Dit laat jou jou toevlug tot Jesus Christus neem omdat Hy ten volle aan die kruis vir jou sondeskuld betaal het.

Dr. Nico van der Merwe



Dr. Sarel van der Walt

Oggenddiens Tema: DIE “EINTLIKE” EN DIE “ORIGE” IN ONSGODSDIENS**Lees:** 1 Konings 16:23-28 & Romeine 12:1-3**Teks:** Romeine 12:1

Ons ken almal die uitdrukking om in iemand se goeie boekies te wees; dit wil sê om in iemand se guns te wees. Koning Omri van Israel het dit skynbaar goed reggekry. Maar hy was nie in God se “goeie boek nie”. Hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here. Danksy die groot ontferming van God deur Christus is diegene wat glo in God se “goeie boek”. Hoe dank jy God daarvoor? Is jy besig met die weselike van die godsdiens?

**Aanddiens Tema: DIE KERK: 'N VREEMDE VERSKYNSEL IN HIERDIE WÊRELD?****Lees:** 1 Korintiërs 12:12-26

Sondag 21

Teks: 1 Korintiërs 12:12

Wanneer ons met die kerk te doen het, het ons met 'n instelling te doen wat vreemd is aan hierdie wêreld. Dit is deel van hierdie wêreld, maar tog anders. Die kerk verkondig aan aardse koninkryke 'n ander koninkryk, die koninkryk van die hemele. Die kerk leef nie by tweedrag en haat nie, maar by liefde en eensgesindheid. Die kerk verkondig 'n “vaderland” waarvan ons die grense nie op 'n landkaart kan aantoon nie. Die kerk leef nie by die skepping nie, maar by die herskepping, nie by die geboorte nie, maar by die wedergeboorte. Genoeg om te sê, die kerk van die Here word ten diepste beheers deur die vertikale lyn van bo na onder, deur Jesus Christus wat roep; deur Hom wat die Hoof is en ons, die lede; Hy wat die Wynstok is en ons

die lote; Hy wat die Herder is en ons die skape.

**NUUS VAN DIE KINDERHUISE*****President Kruger Kinderhuis, Pretoria***

Die laaste projek van hierdie jaar is om vir elke seun van die Bonsai-groep 'n sakkie met toiletware te stuur. Lidmate wat hiermee wil help, kontak gerus vir Hanlie of Martie. Lidmate word ook gevra om briefies van aanmoediging vir die seuns te skryf, veral vir Luki, wat vanjaar matriek skryf. Hierdie briefies sal ook by die seuns besorg word. (Daar is nege seuns in die Bonsai-groep).

Rethabile-Kinderhuis

'n Ernstige tekort aan somersklere word tans in Huis 3 ondervind. Daar is 10 dogters van die ouderdomme 8 (2), 9, 10, 13, 15 (3) en 17 (2) jaar. Die 11 seuns is 2, 8 (2), 10, 11, 12, 13 (2), 14, 15 en 16 jaar oud. Enige toepaslike klere en skoene kan in die houer in die voorportaal geplaas word.

Dankie byvoorbaat! Kontakpersone:

Hanlie Mocke - 083 777 8340

Martie Venter - 073 826 3526

**MUNTLEGGING VIR BYBELVERSPREIDING**

'n Herinnering aan almal dat ons op Sondag 30 Oktober (Hervormingsondag) ons gebruiklike muntlegging gaan hê. Begin dus solank om al die opgespaarde munte vir dié doel gereed te kry – **note is ook welkom!!** Die opbrengs daarvan, saam met die kollekte daardie Sondag, gaan vir Bybelverspreiding.

**BEHUISSING BENODIG**

'n Seun van die Gereformeerde Kerk Ficksburg wat tans in matriek is en volgende jaar hier in Klerksdorp kom studeer, is op soek na verblyf in Klerksdorp vanaf volgende jaar (buitekamer, of enigiets soortgelyks). Kontak my (082 920 1601 / 018 468 6877 / sarel@gkklerksdorpnoord.co.za) as jy kan help.



Posbus 2454 Panorama Landgoed
1718 17 Oktober 2011

Geliefde broeders en susters

Op Maandag 17 Oktober 2011 het 'n kommissie van die kerkraad ons besoek in Krugersdorp: Broeders Piet Kruger en James Cunningham. Broeder Michael van der Walt kon ongelukkig weens siekte nie kom nie. Ons wil u as kerkraad en gemeente die versekering gee dat ons die bemoeienis wat u met ons maak en die ondersteuning wat u vir ons gee opreg waardeer. Die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord lê ons baie na aan die hart.

Heelwat lidmate het ons die afgelope jaar besoek en ons is ook gereeld telefonies en per e-pos in kontak met baie lidmate. Ook deur middel van "Simbaal" en dr. Sarel van der Walt se e-nuusbrief weet ons van die gebeure in die gemeente. Dit is vir ons baie aangenaam om van u te hoor. Ons huis en ons harte staan vir u oop. U is baie welkom om vir ons te kom kuier. Skakel net vooraf dat ons seker is ons is tuis en die pad kan beduie.

Die afgelope jaar was vir ons 'n groot aanpassing – baie groter as wat ons verwag het. Tog is ons stadig maar seker besig om fyn haarworteltjies uit te stoot. Dit gaan baie goed met ons.

U moet verseker wees dat ons gedurig vir u as gemeente bid – ook nou dat u weer gaan beroep. Ons glo vas dat die Here wat sy kerk (ook die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord) oor al die jare gedra het ook nou sal versorg deur sy Woord en Heilige Gees, en dat Hy op die regte tyd die regte persoon daar sal plaas om sy Woord te bedien. Die gemeente is nie aan homself oorgelaat nie, maar is steeds baie veilig in die hande van ons almagtige hemelse Vader. Ons gun dr. Sarel van der Walt die wonderlike geleentheid om sy gawes in die breër kerkverband in te ploeg.

Ons allerbeste wense en liefde vergesel u!

Groete



KATKISASIE-UITSTAPPIE NA WAWIELPARK

Op **Saterdag 29 Oktober 2011** is die jaarlikse katkisasie-uitstappie te Wawielpark. Reëlings sal eerskomende Sondag deurgegee word. Die belangrikste is dat elke kind 'n vrywaringsvorm sal inhandig (sal Sondag weer beskikbaar wees tydens die katkisasie-opening). Die kinders vertrek teen 08:00 gaan vanaf die kerkgebou vir diegene wat nie self daar kan kom nie. Ons beoog om teen 17:00 weer terug te wees. Neem asb. swemklere saam asook droeë klere, 'n handdoek, sonroom, hoed/pet en BAIE enerrrrrrgie!!! Verversings (koeldrank) en middagete sal voorsien word.



DATUMVERANDERINGS OP GEMEENTEKALENDER

Die gemeente vier vanjaar haar 30-jarige bestaan. 'n Feesviering word met die jaarlikse Gemeente Samekoms (skaapbraai) gekombineer. Verder: In die lig van Stilfontein-gemeente se 50-jarige feesviering wat saamval met ons nagmaalnaweek, het die kerkraad besluit om ons nagmaal-naweek + Gemeente Samekoms + Feesnaweek te kombineer in een feesnaweek wat sal plaasvind gedurende die naweek van 19 & 20 November (dus: een naweek vroeër as op die gemeentekalender). Die gevolg is dat enkele ander datums ook een week vroeër skuif, naamlik:

- Ondervraging van belydeniskatkisante: Maandag 31 Oktober om 18:30.
- Belydenisaflegging: Sondag 13 November.
- Ouderlingevergadering: Donderdag 17 November.
- Nagmaal: Sondag 20 November.



KOOR VIR KERSPROGRAM

Die *susters* oefen hierdie week soos gewoonlik Dinsdag- en Donderdagnmiddag van 17h30 tot 18h00, en die *broeders* Woensdagnmiddag van 17h30 tot 18h00, by Jasmynweg 74, Flimieda.

Skakel met Martie Venter - 073 826 3526

KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
23 Oktober	Barmhartigheid	Sustentatie Khuma
30 Oktober	Barmhartigheid	Bybelverspreiding

GEMEENTEPROGRAM

Sondag 23 Oktober tot Saterdag 29 Oktober 2011

Sondag 23 Oktober	Oggendiens	09:30
Sondag 23 Oktober	Katkisasie Les 22	10:30
Sondag 23 Oktober	Aanddiens	18:00
Sondag 23 Oktober	Bybelstudie Konsistorie	19:00
Maandag 24 Oktober	Breë Kerkraadsvergadering	18:00
Woensdag 26 Oktober	Bybelstudie Pastorie	10:00

TEESKINKBEURTE

Sondag 23 Oktober 2011	Wyke 21 & 22
Sondag 30 Oktober 2011	Wyke 23 & 24

Verjaarsdae

25 Okt	Theunis Fourie	Wyk 20	018-468-7542
25 Okt	Delphine Pieters	Wyk 08	018-468-1692
25 Okt	Jo-Ann >Pretorius	Wyk 09	
27 Okt	Niekie Kruger	Wyk 02	018-468-5184
28 Okt	Johan Viljoen	Wyk 07	083-296-5192
28 Okt	Gerdamarie Young	Wyk 14	083-270-1930

Die verjaardag-lidmate word van harte geluk gewens met u verjaarsdag. Die seën van die Here word elkeen toegebied

**BYBELSTUDIE**1. **SONDAG 23 Oktober 2011 - Die Hebreërbrief**

19:00 – 20:00

In die konsistorie

2. **WOENSDAG 26 Oktober 2011 - Lukas-evangelie**

10:00 – 11:00

In die pastorie

**LIEF EN LEED**

- **Sr. Jans Smit** het die afgelope week geval en ook bronchitis opgedoen waar sy by haar dogter in Pretoria kuier. Sy is Woensdagmiddag opgeneem in die Wilgers-hospitaal in Pretoria.

BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**BEROEPE ONTVANG**

- Proponent JJ de Bruyn na Nelspruit as medeleraar.
- Ds. W Jobse van Barkly-Oos/Maclear-Elliot-kombinasie na Pretoria-Wes.
- Ds. AP Tredoux van Vaalpark na Kemptonpark-Noord.
- Dr. HM Zwemstra van Vereeniging '95 na Bellville-Oos as medeleraar.

BEROEPE AANVAAR

- Dr. De W Saaiman van Durban-Noord na Krugersdorp as medeleraar.

BEROEPE BEDANK

- Dr. DF Muller van Buffeldoorns na Bothaville.

BEVESTIGING VAN AMPSDRAER

Tydens die aanddiens word br. Kota Cloete in die amp van diaken bevestig. Baie geluk daarmee en seën toegebied op jou ampswerk!

